
Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, July 29, 2018
Page: 5

# Beleggings in maatskappy maak nie sin

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

’n Vraag wat ek elke nou en dan kry, is of dit beter sal wees vir iemand om sy beleggings in ’n maatskappy te doen, pleks van in sy eie naam. Die rede vir die vraag is gewoonlik belasting.

Sien, só word geglo, ’n maatskappy betaal inkomstebelasting teen net 28%, terwyl individue tot 45% kan betaal. Kom ons kyk.

Daar is primêr drie belastings wat jou belegging raak. Inkomstebelasting op rente- en huurinkomste, dividendbelasting op dividende (uit aandele) en kapitaalwinsbelasting (KWB) op kapitaalwins (uit aandele).

Ons praat hier van diskresionêre beleggings, nie aftreefondsbeleggings nie, daar geld ander belastingreëls.

Soos genoem, betaal ’n maatskappy 28% belasting op inkomste teenoor 18% tot 45% vir individue. Trusts, anders as spesiale trusts, betaal 45%. KWB vir individue is 0% tot 18%, vir ’n maatskappy 22,4% en vir ’n trust 36%. ’n Maatskappy is vrygestel van dividendbelasting (20%). Individue en trusts is nie.

En dit bring my by die eerste haakplek om beleggings deur ’n maatskappy te doen ter wille van die laer inkomstebelastingkoers. Die 28% is net van toepassing op die rente- en huurinkomste van die belegging.

En enigeen wat iets weet van beleggings sal vir jou sê om langtermyngroei te kry, moet jy nie te veel geld in rentedraende instrumente hou nie.

Die tweede punt is dat die laer koers net geld vir die maatskappy. As jy hoop om persoonlik daaruit voordeel te trek, gaan jy jouself óf ’n salaris moet betaal (belasbaar tot 45% in jou hande en dan belastingaftrekbaar in die maatskappy) óf die maatskappy gaan dit by wyse van ’n dividend aan jou moet uitkeer - en dan is dividendbelasting betaalbaar deur jou.

In so ’n geval is die effektiewe belasting (28% maatskappybelasting plus 20% dividendbelasting) voordat jy dit in jou sak het: 42,4%. Dit teenoor tussen 18% en 45% uit ’n belegging in jou eie naam. Wat betref die gedeelte wat in aandele belê was, sal die maatskappy eers 22,4% KWB moet betaal voordat jy die geld aan jouself kan uitkeer met ’n 20%-dividendbelasting. Effektiewe belastingkoers: 37,92%.

Verder is dit ook belangrik om te onthou dat ’n maatskappy of ’n trust nie die jaarlikse rentevrystelling (R23 800 as jy onder 65 jaar is en R34 500 as jy ouer is) het nie. Ook nie die jaarlikse KWB-vrystelling van R40 000 nie. Dis mos sommer geld in die water gooi as jy dit nie gebruik nie.

En dan praat ek nie eens van die koste om ’n maatskappy aan die gang te hou nie. Die hele gedagte is eenvoudig nie die moeite of geld werd nie.

Boonop is jou aandeel in die maatskappy by dood ’n bate in jou boedel vir boedelbelasting (20%). Dit kan voorkom word deur die geld te skenk, maar dan betaal jy 20% geskenkbelasting.

As die besluit is om die belegging buite jou boedel te doen, en dit die gevolg is van ’n omvattende boedelplan, sal ek liewer ’n trust kies as ’n maatskappy, ongeag die hoër belastingkoers vir trusts.

Die aanvanklike beleggingsbedrag, sou dit as ’n lening aan die trust gemaak wees, is steeds ’n bate in jou boedel, maar die groei daarop nie.

Ek sal in ’n volgende rubriek spesifiek kyk na die belastinggevolge van beleggings in trusts, asook na voorstelle oor hoe om belasting te beperk.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.